

**Woensdag 20 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:1-12**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:6-7**

**Kom, Here Jesus, kom!**

*“Dit is inderdaad vir God reg om diegene wat julle verdruk, met verdrukking te vergeld, en verligting te gee aan julle wat saam met ons verdruk word. Hy sal dit doen deur die openbaring van die Here Jesus uit die hemel saam met sy magtige engele” (2 Tess. 1:6-7, AFR20).*

Verdrukking en vervolging van Christene het sedert Jesus se koms na die aarde nog nooit opgehou nie. Paulus, Silas en ander apostels is gevange geneem, gemartel en selfs doodgemaak. Deur die geskiedenis het dieselfde dinge ook menigte ander gelowiges oorgekom. Vandag hou dit steeds nie op nie. Tewel jy hierdie dagstukkies lees, is daar gelowiges in sekere dele van die wêreld wie se lewens elke dag letterlik in gevaar is omdat hulle die Here Jesus Christus as enigste God, Verlosser en Koning erken en dien.

Ons beleef sekerlik nie sulke fisiese vervolging nie, maar word op ander maniere bespot en gemarginaliseer wanneer ons vashou aan dit wat die Here Jesus ons leer en beveel om te onderhou.

Paulus skryf hier vir die vervolgte Christene van Tessalonika – en met hierdie woorde bemoedig die Heilige Gees elke gelowige wat ly terwille van getrouheid aan Christus – dat God in sy allomteenwoordigheid en alwetendheid alles sien en die onreg wat sy kinders aangedoen word, nie ongesiens verbygaan nie.

Ons as sy kinders moet weet dat Hy in sy regverdige oordeel verligting gaan bring en 'n einde sal maak aan hierdie boosheid wanneer Hy in mag en glorie op die wolke verskyn. Maar die goddelose moet ook weet dat God in dieselfde regverdige oordeel Hom gaan wreek op dié wat Hom nie wou ken, gehoorsaam, en dien nie.

Onthou wat Jesus in Matteus 28:20 beloof het: “Ek is by julle, al die dae, tot die voleinding van die wêreld.” Volhard daarom in geloof en gehoorsaamheid aan Christus ons Here.

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 5*

*Ds. W Viljoen (Werner) (Bultfontein)*